

Sondag 28 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 13:42-52

Fokusgedeelte: Handeling 13:47, 48

Die uitverkorenes aanvaar die Woord van God, maar baie ander verwerp dit

Wat maak ek en jy met die Woord van God wat aan ons verkondig word? Die Woord van God ontlok altyd by ons een van twee reaksies, aanvaarding of verwerping.

Die Heilige Gees wil deur die Woord die uitverkorenes wederbaar tot die lewe. Dit is absoluut die enigste manier waarop iemand wedergebore kan word tot die lewe, daarom verkondig Paulus die Woord van God. Hy mors nie sy tyd met stories of opinies nie.

Die Heilige Gees bring deur die Woord die nuwe lewe, omdat ons Here Jesus die hart van die Bybelse boodskap is. Die Heilige Gees werk deur die Woord geloof in die mens se hart. En geloof is die twee geestelike hande van kennis en vertrouwe waarmee ons Jesus Christus as ons enigste Verlosser kan omhels.

Die Jode het nie gedink dat hulle die Woord van God verwerp nie. Hulle het gedink dat hulle Paulus verwerp, maar Paulus het ons Here Jesus Christus verkondig. Ons moenie dat mense vir ons 'n struikelblok word om die Woord van God te kan hoor nie.

Wanneer die Heilige Gees die Woord tot ons laat spreek (in die preek, huisgodsdien, huisbesoek of katkisasie), dan moet ons gelowig reageer. Hier kan niemand neutraal bly nie. Uitverkorenes word gered deur die Heilige Gees met die Woord van God tot die lewe en tot verheerliking van ons Drie-enige God.

Wat maak ek en jy met die Woord wat die Heilige Gees nou net aan ons verkondig het?

Sing: Psalm 119-1:14, 15

Ds. TJ van Vuuren (Tommie) (Heilbron)